**THE ROLE PLAYED BY WHITES IN THE TERRORIST ATTACK ON THE VOORTREKKERHOOGTE MILITARY BASE ON 12TH AUGUST, 1981**

1.

During the month of May 1981 a certain Mr. G J O Basson of [redacted] advertised a house to let situated at [redacted].

As a result of the advertisement he let the house to a young white couple, who introduced themselves as Mr. and Mrs. Nicholas Francis Henry Heath from England, during June 1981.

2.

On 12th August 1981 an attack on the Voortrekkerhoogte Military Base was launched by African National Congress (ANC) terrorists. The latter fired five 122 mm Russian manufactured rockets at random from an open space situated between the aforesaid house and the Laudium Indian township. The result of the attack was that two houses and a servant's quarters at Voortrekkerhoogte were damaged. The Black female occupant of the quarters sustained minor injuries.

3.

After exhaustive and discreet enquiries by members of the Northern Transvaal Division Security Branch, based in Pretoria, it was established that the Heath couple were in fact the following:

(a) Nicholas Francis Henry Heath, white male born in England on [redacted]. Holder of British passport number [redacted]; and

(b) Bonnie Lou Muller alias Bonnie Heath, white female born in the United States of America on [redacted]. Holder of British passport [redacted] which is due to expire on 1989-01-13.

Both Heath and Muller furnished their respective addresses as [redacted]

They entered the Republic of South Africa via Jan Smuts airport on 1981-03-20 and purchased a Volkswagen motorcar, registration number [redacted] They visited the neighbouring states of Lesotho, Botswana and Swaziland in this vehicle.

During June 1931 they rented the house at [redacted] for the monthly sum of R500.

4.

On 1981-08-08 Heath left the RSA via Jan Smuts airport whilst Muller exited via Jeppe's Reef border post for Swaziland on 1981-08-09.

There is evidence that Heath and Muller accommodated ANC terrorists at [redacted] and actually used this premises as a base from where the attack on Voortrekkerhoogte was planned and launched. The rockets and rocket launcher were also cachéd in the aforesaid abode.

5.

Further it has been established that Heath, during his visits to the afore-mentioned neighbouring states, made use of motor vehicles belonging to the African National Congress.

On the 2nd August 1981 both Heath and Muller returned from Swaziland with a Volkswagen Kombi which was actually used by the ANC terrorists that launched the attack on Voortrekkerhoogte on 1981-08-12.

These terrorists lived in the house with Heath and Muller, prior to the attack, and remained there after the departure of the former.

6.

After further investigation it has been established that Heath and Muller also made use of a motor vehicle belonging to a certain Dr. Edward Wethli who was visiting the RSA from Canada. He left the RSA, during May 1981, for Maputo in Mocambique.

On 1981-07-13 Muller returned to the RSA in this vehicle.

On 1981-08-01 Heath and Muller exited the RSA via Bothashoop border post for Swaziland in the same vehicle and returned on 1981-08-02 in the aforesaid Volkswagen Kombi which was subsequently used by the ANC terrorists responsible for the attack on Voortrekkerhoogte.

7.

It has also been established that two other whites were involved in this matter, to wit:

(a) David William Hedges, white male born on [redacted]. Travels on British passport number [redacted]. Addresses:

(i) [redacted].

(ii) [redacted].

(b) Guido Luciaan Magareta van Hecken, white male born on [redacted] in Belgium. Holder of Belgian passport number [redacted] - visa number [redacted]. Address: [redacted].

8.

Hedges entered the RSA on 1981-06-22 and purchased a Volkswagen Kombi, registration number [redacted] and a Volkswagen Passat, registration

number [redacted]. Both motor vehicles were purchased in Johannesburg and registered in his name.

During the night of 1981-06-25/26 Hedges and Van Hecken travelled to Piet Retief in the aforesaid vehicles and spent the night there.

On 1981-06-26 they left the RSA via the Houdkop border post, and travelled to Swaziland where they handed over the motor vehicles to ANC terrorists. The terrorists thereafter used the vehicles to travel to and fro across the RSA/Swaziland border. The Kombi was actually used before and during the attack on Voortrekkerhoogte for the purpose of conveying the relative terrorists. Heath and Muller also used these vehicles whilst in Swaziland.

Hedges and Van Hecken, as far as can be ascertained, have never returned to the RSA.

Van Hecken actually entered the RSA initially on 1981-01-17 via the Lebombo border post from Mocambique in a motor vehicle bearing false registration numbers.

ZAHED EBRAIM PATEL

VERKLAAR :

1.

Ek is 'n ASIëRMAN, gebore [redacted] te PRETORIA.

Ek is woonagtig by my ouers, Ebraim Suliman PATEL te [redacted] PRETORIA, telefoon : [redacted]. Ek is 'n standard 9 leerling aan die [redacted]

2.

Op 12 Augustus 1981 om ongeveer 22h45 tot 23h00, het my pa my opdrag gegee om sy voertuig wat aan die voorkant van [redacted] gestaan het, in die perseel te parkeer. Ek het na die voertuig gegaan en ingeklim. Terwyl ek in die motor was en die sleutels in die skakelaar geplaas het, het ek twee swart mans weerskante van die voertuig opgemerk. Ek het agterdogtig geraak en die motordeure van binne gesluit. Die een persoon het na die bestuurder se venster gekom en met my ge praat. Ek het die venster effens afgedraai. Die persoon het in Afrikaans aan my gevra wat die straat se naam is, waarop ek aan hom gesê het dat dit [redacted] is. Die swartman by my venster het hierop aan die ander een iets in Bantoetaal gesê, waarop laasgenoemde ook na my venster gekom het. Ek kon nie verstaan wat gesê is nie.

3.

Ek het bang geword, die motor se toeter gedruk en na my pa geroep. Die persoon wat om die kar geloop het, het 'n vuurwapen soos 'n pistool, teen my kop gedruk. Hulle het albei die deure aan die bestuurder se kant oop gemaak. Die man wat eerste met my gepraat het, het agter my in die motor in geklim. Ek het toe vuur-

ERIDANIA MR 119/05/KS1

G.P.-S. (I-L)

J 88

# REPORT ON EXAMINATION IN A CASE OF ALLEGED ASSAULT OR OTHER CRIME

**THIS FORM IS TO BE USED BY DISTRICT SURGEONS, MEDICAL OFFICERS AND MEDICAL PRACTITIONERS MAKING AN EXAMINATION FOR THE GOVERNMENT**

**Form "A" should be completed in all cases including rape and post-mortem examinations where injuries are found and form "B" should be submitted in cases where a female has been examined in connection with a sexual offence.**

THIS IS TO CERTIFY that at the request of (1) Kapt Visser SAP

I (2) P.C. BAULING address (2) HF Verwoerd Hosp. PTA

have this (3) 14-15 day of August 1981 at the hour of 08h00 m.

examined at (4)

(5) Zahed Ebrahim PATEL the person of

Sex M Apparent age 17j. Race Indiër. and have to report as follows:

State of the person as regards physical powers and general state of health

In goeie alg gesondheid.

Condition of clothing Bloedbevlek.

Bruises and abrasions (if any) (6) Geen

Wounds (if any) (6) Skiet wonde — Ingangs (3) beide lae rug + R arm

Uitgangs (3) L flank, R flank en + (R) arm.

Fractures or dislocations (if any) (6) Geen

Any other injuries (6) Laserasie lewer, laserasie (R) nier.

State of organs of generation (if examined) (7) NAG.

Microscopical or other special examination of stains, etc. (8) NVT.

Remarks Geen

Place Pretoria.

Date 15-8-81. 19

PC Bauling MBChB

*District Surgeon, Medical Officer, or Medical Practitioner*

(1) Name of official or person at whose instance the examination was carried out.
(2) Initials, name and address of District Surgeon, Medical Officer, or Medical Practitioner.
(3) Date and hour of conducting the examination.
(4) Place where examination was carried out.
(5) Name of person examined.
(6) In every case the nature, position and extent of the abrasion, wound, or other injury must be exactly described, together with its probable date and manner of causation, any apparent discrepancy between any statement made by the person and the conditions actually found on examination being noted.
(7) In the case of a female her consent, or, if a minor, the consent of her lawful guardian, should be first obtained especially if the examination is undertaken in connection with a charge of infanticide or concealment of birth.
(8) If any vomit or excreta or portion of clothing or other article is taken for special examination, its nature should be noted here and the manner of its preservation and disposal stated.

wapenskote gehoor wat by my afgevuur word, maar ek kan nie sê of dit deur die persoon agter my of die een langs my afgevuur is nie. Ek is ook uit die motor geruk. Dit het alles omtrent gelyktydig plaasgevind. Ek het gevoel dat my liggaam lam word, maar het nie my bewussyn verloor nie.

Nadat die skote afgevuur is, het hulle my langs die motor gelos en pad gegee. Ek weet nie watter kant toe hulle weg is nie. Ek weet nie hoeveel skote gevuur is nie.

4.

Voordat die skietery plaas gevind het, het ek opgemerk dat my neef, Hashim BODA, wie in ons huis was, die deur oopmaak en iets skree.

5.

Ek kan die volgende beskrywing van die twee persone gee :

1. Die persoon wie met my gepraat het, is :

   Lengte - ± 6 voet
   Fris gebou - ± 80 - 85 kg
   Donker gelaatskleur

   Ek kan nie sê hou oud hy is nie, ook nie of hy skoon geskeer is nie. Ek weet ook nie wat se klere hy aangehad het nie.

2. Die persoon wat eers aan die passasierskant was, is :

   Lengte - ± 5,8 voet
   Skraal gebou
   Lig van gelaatskleur

Ek kan nie sy klere of ouderdom beskryf nie.

Hulle kan tussen 18 - 30 jaar oud wees. Ek sal moontlik in staat wees om hulle te identifiseer as ek hulle weer sien.

6.

Nadat die twee swartmans weg is, het my pa en ander mense op die toneel verskyn. My pa het my na die H F Verwoerd-hospitaal geneem, waar ek opgeneem is.

7.

Ek het twee skietwonde in die rug opgedoen, waarvan een koeël by my agtersy uit is en deur my regter arm gegaan en die are beskadig het. (Die ander koeël is ook deur my lyf).

8.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek bevestig dat dit die waarheid is.

PRETORIA
1981-08-14 11h40

..............................
Zahed Ebraim PATEL

Ek sertifiseer dat die verklaarder op hoogte is van die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hy is van die regsgevolge verduidelik indien dit nie die waarheid is nie. Dit is voor my bevestig.

PRETORIA
1981-08-14

..............................
KAPTEIN

ERASMIA MR. 119/8/1981 A10.

ELSIE SEKANKA

VERKLAAR :

1.

Ek is 'n TSWANA-vrou in diens van ADM. BEKKER te [redacted], [redacted].

My moeder is Johanna SEKANKA, sy woon te [redacted].

2.

Op 12 Augustus 1981 om 20h30, het ek in die bediendekamer te [redacted], [redacted], gaan slaap. Ek het later wakker geword van 3 harde dreunings buite my kamer. 'n Paar sekondes later het iets my kamer getref en met 'n harde slag ontplof en begin brand. Ek kon nie die deur van binne oopmaak nie en het deur die stukkende venster na buite geklim. In die proses het die stukkende vensterruite my hande gesny. Toe ek buite op die grond spring, het ek weer 'n harde ontploffing binne in my kamer gehoor en gesien hoe alles binne die kamer die lug in geslinger word.

3.

Ek het my werkgewer buite op die werf aangetref. Ek is vir skok en die snywonde aan my hande na [redacted] geneem waar ek vir twee dae behandel is.

PRETORIA
1981-09-01

..........................
ELSIE SEKANKA

Verklaring deur my geneem.

KAPTEIN ........................

Jeremiah Phillemon MALEFO - P.N.: [redacted]

VERKLAAR :-

1.

Ek is 'n N/Sothoman. Gebore [redacted] te [redacted].
Ek is woonagtig te [redacted] en het my eie Karateskool te Lynnwood besigheidsentrum, Pretoria. Ek is in besit van 'n reisdokument Nr. [redacted]

2.

Ek ken vir Johannes MNISI @ Victor, ons het saam gedurende 1969 tot 1978 te Mamelodi skool gegaan. Gedurende 1978 tot 1980 het MNISI saam met sy moeder, broer en sy vrou na [redacted] verhuis.

3.

Op ongeveer 17 Junie 1981 het Johannes MNISI te voet by my huis te bogenoemde adres opgedaag. Hy het aan my gesê dat hy 'n lid van die African National Congress (ANC) is en deur hulle in die buiteland militêr opgelei is. Hy het gesê dat die doel van sy besoek is om sekere kragsentrales in Transvaal te verken met die oog daarop om hulle te saboteur.
Hy het ook my hulp gevra met vervoer en akkommodasie van A.N.C. lede vir die sabotasie. Ek het ingestem om hom te help.

4.

Die volgende dag het hy ook 'n persoon ene "THABO" ook genoem "MANDLA" wat saam met hom vanaf Swaziland gekom het na my huis gebring. Ek vermoed "THABO" is oorspronklik vanaf Brakpan-lokasie aangesien hy iemand vir 'n geleentheid na Brakpan gevra het.

5.

Op 19 Junie 1981 het ek vir MNISI en "THABO" in my Ranchero bakkie TP-[redacted] na Oos Transvaal geneem. MNISI het 'n padkaart gehad en aan my die roete beduie. Ons het na KRIEL kragstasie naby WITBANK gegaan, van daar na CAMDEN kragstasie naby ERMELO vandaar ook na HENDRINA en ARNOT kragstasies. By al hierdie plekke het hulle uit die voertuig geklim en die kragpale vanaf die kragstasie getel. (See para 13 Mnisi's stment)
MNISI het genoem dat NJALA kragstasie naby Pretoria reeds verken is.
Op 1981.06.20 het ek vir MNISI en THABO tot naby Oshoek grenspos geneem waar hulle oor die grensdraad na Swaziland geklim het.
MNISI het ook aan my 'n MAKAROV pistool NR. [redacted] met 2 magasyne en 16 rondtes ammunisie gegee.

2/.......

6.

Op ongeveer 1981.07.04 het MNISI weer met die [redacted] by my opgedaag. Op ongeveer 1981.07.08 het ons na [redacted] grenspos gery, waar ons die voertuig in 'n bos gelaat het. Ons het naby die grenspos oor die grensdraad na [redacted] geklim. By [redacted] woonstel het ons twee persone "NORMAN ook genoem "PEU" en SHORTY" ontmoet. Hulle het 'n bruin leerbriewetas by hulle gehad. In hierdie briewetas was ongeveer 4 kleefmyne. MNISI het aan my gesê dat NORMAN en SHORTY hierdie kleefmyne moet gebruik om [redacted] kragstasie, naby [redacted] te saboteur. MNISI het ook 'n Makarov pistool van ene RACHID ontvang. Ons het weer na 'n punt naby [redacted] grenspos teruggekeer waar ons oor die grens-draad geklim het. Ene CHRIS en GEORGE het die voertuig in [redacted] gehou. Ons het die voertuig in die bos gekry en na [redacted] teruggekeer, waar ek aan NORMAN en SHORTY in 'n stoorkamer wat ek te [redacted] huur, akkommodasie verleen het. MNISI het op 'n ander plek gebly.

7.

Gedurende die namiddag van 1981.07.20 het MNISI, NORMAN en SHORTY met die [redacted] vertrek nadat hulle twee trapfietse asook die briewetas met kleefmyne in die [redacted] gesit het.

8. (See para 17 of Mnisi's stmt)

Voor hulle vertek het MNISI aan my verduidelik dat :

i) NORMAN en SHORTY gedurende die nag [redacted] kragstasie met die kleefmyne sal saboteur en dadelik na my stoorkamer sal terugkeer.

ii) MNISI self sou met die [redacted] gaan waar hy 4 persone met kleefmyne sou kry. Hulle sou daardie nag [redacted] kragstasie saboteur.

iii) "THABO" sou met 3 ander persone naby [redacted] oor die grens kom en [redacted] kragstasie saboteur.

9.

Op 1981.07.21 het ek deur die nuusmedia verneem dat aldrie bogenoemde plekke gesaboteur is. NORMAN en SHORTY het ook na die stoorkamer teruggekeer en aan my gesê dat hulle die kleefmyne te [redacted] kragstasie geplaas het en dat hulle suksesvol was.

10.

MNISI het op 1981.08.01 te voet by my huis opgedaag. Hy het gesê dat die passat in [redacted] is. Hy het my versoek om hom na 'n sekere huis langs [redacted] te neem. Hy het aan my gesê dat hy ander blankes van die A.N.C. wil gaan sien. Ek het hom in die straat te [redacted] afgelaai en hy het te voet na die huis geloop. Ek het 'n jong blankevrou op die perseel gesien staan.

11.

Op 1981.08.02 het MNISI alleen in 'n [redacted] met 'n witdak met registrasie nr. [redacted] by my opgedaag. Hy het vir NORMAN en SHORTY opgelaai en gesê dat hy hulle na [redacted] neem.

12.

'n Paar dae later het MNISI en ene "BAISEN" weer met die [redacted] by my huis opgedaag. Hy het my versoek om hulle weer na die huis in [redacted] te neem en die voertuig na my huis terug te bring. Toe ons by die blanke woonhuis by [redacted] aankom het MNISI my in die huis ingeneem. In die huis het ek drie ander swartmans ontmoet.

Hulle is i) "MONYAMANE"

ii) "SHALLY"

iii) "ACE"

13.

Ek het van MNISI en BAISEN verneem dat BAISEN reeds 'n geruimetyd saam met die blankes in die huis gebly het en dat die ander drie saam met MNISI met die [redacted] van [redacted] gekom het.

14.

Hulle het my gesê dat hulle daardie aand met 'n "groot geweer" gaan skiet. Ek het gesien dat daar 'n driepoot en 'n kannonloop soos 'n stoofpyp en 5 bomme op die vloer in 'n slaapkamer lê. Hulle het gesê dat hulle daarmee gaan skiet. Ek het gesien dat hulle op 'n groot witdoek skryf. BAISEN en een van die ander het die kannon met ghries gesmeer.

15.

Om ongeveer 20h00 dieselfde dag (1981.08.11) het hulle begin om die skietgoed uit te dra om daarmee te gaan skiet toe hulle 'n swart polisieman teëkom. MNISI het toe gesê dat die Polisieman kan moeilikheid maak en hulle het besluit om nie dieselfde aand nie, maar wel die volgende aand (81.08.12) te gaan skiet

Hulle het alles wees in die huis ingedra.

16.

Later dieselfde aand het ek en MNISI weer met die [redacted] na [redacted] teruggekeer.

17.

Op 1981.08.12 het MNISI die [redacted] se sleutels aan my gegee en gesê dat ek dit moet hou en gebruik. Hy het my Ranchero geneem om na die huis in Erasmia te gaan.

18.

Op 1981.08.13 om ongeveer 07h00 het MNISI en BAISEN met my Ranchero by my stoorkamer opgedaag. Hulle het aan my gesê dat hulle [redacted] met die "Groot geweer" geskiet het. MNISI het gesê dat die inwoners van Laudium uit hul huise gekom het. Hulle het met die Ranchero weg gery en hy weet nie waar die ander is nie. Ek het oor die Radio en in die koerant gelees dat [redacted] gebombardeer is. Ek het geweet dat dit MNISI en sy mense was wat saam in die huis te [redacted] gebly het.

19.

Op 1981.08.15 het MNISI en sy vriendin van [redacted] met die [redacted] vertrek. Hy het later met "BAISEN", "MONYAMANE", "SHALLY" en "ACE" by my stoorkamer te [redacted] opgedaag. Hulle het daar gebly. Tydens hulle verblyf in my stoorkamer het ek hulle gereeld gesien. Hulle het die skietvoorval verskeie keer met my bespreek.

20.

"BAISEN" het ook gesê dat hy in 'n poging om 'n voertuig te roof op Indiërmense in [redacted] geskiet het.

21.

Op 1981.08.15 het ek hulle na 'n winkel MAKHULU HOPAAN, [redacted] geneem waar hulle 'n blou trommel gekoop het. Hulle het die vuurwapens en handgranate daarin verpak. Ek en BAISEN het die trommel met inhoud na my ma se huis te Denilton geneem waar ons dit gaan versteek het.

22.

Op 1981.08.30 het ek vir MNISI,BAISEN, MONYAMANE, SHALLY en ACE met my Ranchero tot naby [redacted] geneem waar hulle oor die grensdraad na [redacted] geklim het. Ek het die nag by 'n vriend naby [redacted] oornag.

23.

Op 1981.08.31 het ek met my Reisdokument [redacted] en die Ranchero [redacted] deur [redacted] grenspos na [redacted] gegaan. Ek het vir MNISI, "George", "Chris" en RACID by die JABULA Inn, MBABANE ontmoet.
Ek het tot 1981.09.11 in [redacted] vertoef waarop ek na [redacted] teruggekeer het.
Op 1981.09.12 het ek weer met my paspoort en voertuig deur [redacted] grenspos gegaan. Ek het R500,00(Vyfhonderd Rand) van Chris en RACID ontvang vir my dienste aan MNISI en sy groep.
Op 1981.09.16 keer ek weer deur [redacted] terug na [redacted], Pretoria.

24.

Op 1981.09.28 is ek gearresteer. Later dieselfde namiddag het ek vir Maj. NEL en ander Polisie-beamptes na Dennilton geneem waar en en swartvrou Maria MOLEFO dieselfde blou trommel met wapens aan hulle uitgewys het. Die trommel was gesluit. Maj. NEL het die trommel oopgebreek en al die wapens was nog in die trommel. Die sleutels van die trommel se hangslot was aan die [redacted] se sleutelhouer.
Beslag is ook gelê op die [redacted] wat by my stoorkamer te [redacted] was.

25.

Op 1981.09.30 het ek die huis waarin BAISEN en die ander te [redacted], Erasmia aan Maj. NEL uitgewys.
Ek was teenwoordig toe Maj. NEL ook 'n Makarov pistool nr. AT [redacted] met 4 rondtes ammunisie onder die kussing op die dubbelbed in die slaapkamer gevind het.

26.

Ek het ook 'n trapfiets wat deur NORMAN en SHORTY gebruik is die nag om NJALA kragstasie te saboteur aan die polisie uitgewys.

6/..........

27.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

PRETORIA

1982.08.16

J P MALEFO

J.P. MALEFO

Majoor

1982.08.16 Pretoria

F.J.P. Nel

v/ Tale, N/Tvl.

[redacted]

Pretoria

Tel. [redacted]

Johannes MNISI - PN.[redacted]

VERKLAAR:

1.

Ek is 'n Swaziman.

Gebore op 15 November 1952 te Pretoria.

My vader se naam is Piet MNISI en my moeder Lea.

Ons woonadres tot 1980 was [redacted], Pretoria.

Nadat ek die end van 1965 Std.3 aan die Mtombo Skool te [redacted] geslaag het, het ek die skool verlaat. Ek het aan geen jeugorgani= sasie behoort nie. Ek het vanaf 1966 tot 1967 by Datsun motorfabriek te [redacted] Pretoria gewerk en daarna vir my vader gehelp sy huurmotor bestuur.

2.

Gedurende 1977 het my broer Simon MNISI die R.S.A. na [redacted] verlaat.

3.

Gedurende 1980 het Freddy LEGOKA wie 'n begrafnisonderneming in [redacted] gehad het, ons huis besoek. Hy het my moeder Lea, my broer Ephraim en myself omgepraat om ook die R.S.A. te verlaat. Hy het ons belowe dat die African National Congress (A.N.C.) ons sal help. Hy het ook aan ons die roete na [redacted] verduidelik. Hy het drie dae voor ons vertrek.

My vader en moeder het reeds apart van mekaar gewoon. My vader het reeds saam met 'n ander vrou in [redacted] gewoon en het ons slegs af-en-toe besoek.

4.

Ongeveer 15 Mei 1980 het ekself, my twee vrouens Poulina DIPHOKO van [redacted] en Sophie SKOSANA van 'n plaas naby Bronkhorst= spruit, my moeder Lea en my broer Ephraim per trein na Komatipoort vetrek. Vanaf Komatipoort het ons per bus na Steenbok gereis en vandaar per voet na die R.S.A./Mosambiek grens waar ons deur die grensdraad geklim het.

5.

Nadat ons in Mosambiek aangekom het, het ons na die naaste huis gegaan waarvandaan die inwoners ons na Namahasha geneem het, waar die A.N.C.-lede ons gekry en na Maputu geneem het. Ons het vir 3

2/........

maande in 'n A.N.C. huis in Matola gebly. Ekself en my broer Ephraim is saam met ongeveer 72 ander mans per vliegtuig na Viana kamp in Angola, waar ons ongeveer 2 maande gebly het.

7.

Gedurende November 1980 vertrek ek na Malange kamp. Daar was +- [redacted] mans in die kamp. Ek was in Peloton 1 Seksie 2. Die Commissar was Ather STUWESE. Peloton Commissar was TWOSIX. Ek het opleiding met [redacted], [redacted] Makarov pistool, Politiek en Topografie ondergaan.

8.

Gedurende April 1981 het ene "CHRIS" by die kamp opgedaag. Hy het myself en vyf ander kom uitsoek en ons na Maputu geneem waar ons in 'n woonstel in Mashava gewoon het. Ons was:-

| | |
|---|---|
| (i) Ekself. | (ii) PULE |
| (iii) Danyboy | (iv) Derick |
| (v) MKULULE | (vi) Kan nie onthou nie. |

9.

In Maputu het ek die volgende leiersfigure ontmoet:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) | Joe SLOVO | - | A.N.C. verteenwoordiger in Mosambiek. |
| (ii) | RACHID | - | Commissar. |
| (iii) | CHRIS | - | Commander |
| (iv) | GEBUZA | - | Commander. |
| (v) | MANCHAK | - | Commander. |

10.

Ek het verdere opleiding in die gebruik van kleefmyne onder RACHID en CHRIS ontvang. Special ops. TRAINING?

11.

In Junie 1981 het ene "GEORGE" osn per motor in Mashava kom haal en na Mbabane in Swaziland geneem.

Ons was:

| | |
|---|---|
| (i) Ekself. | (ii) RACHID |
| (iii) CHRIS | (iv) THABOGO |

RACHID het aan myself en THABOGO opdrag gegee om ARNOT, CAMDEN, HENDRINA en NJALA kragstasies vir sabotasie te verken. INSTRUCTED TO RECONNAISSANCE FOR SABOTAGE ATTACKS.

12.

George het ons geneem tot by HLANGANO waar 'n frisgeboude man

ons met 'n ligblou Chev. bakkie met 'n wit kappie ontmoet het. Naby GEGE het ons afgeklim en oor die grensdraad na die R.S.A. geklim terwyl die voertuig deur die grenspos gegaan het. In die R.S.A. het die voertuig ons weer opgelaai en tot by [redacted] vervoer, vanwaar ek en THABOGO per trein na [redacted], Pretoria gereis het. Ons het na 'n ou skoolvriend Phillemon MALEFO gegaan waar ons vir ongeveer drie weke gebly het.

13.

Ek het vir Phillemon MALEFO in my vertroue geneem en hom gevra om ons met die verkenning behulpsaam te wees. Op 19 Junie 1981 het MALEFO vir myself en THABOGO in sy Ranchero bakkie na [redacted] geneem om die kragstasies te verken. Ek het hom opdrag gegee waarheen hy moet ry. Ons het Kriel kragstasie, Camden kragstasie, Hendrina kragstasie, Arnot kragstasie en Njala kragstasie buite Pretoria verken. Ek en THABOGO het na die uitleg en hoogspanningsdraad-pale gekeyk.

RECONNAISSANCE Done on 19/6/81

14.

Op 20 Junie 1981 het MALEFO vir myself en THABOGO weer met sy Ranchero bakkie tot naby Oshoek grenspos geneem waar ons die voertuig by my familie (oupa) gelaat het. Ons het oor die R.S.A./Swaziland grens=draad geklim en na Mbabane in [redacted] gegaan, waar ek vir Phillemon aan "George" en ander A.N.C.-lede voorgestel het. Ons het in 'n A.N.C. woonstel te Mobeni woonstel [redacted], gebly. Drie dae later is ekself en THABOGO na Maputu terwyl "George" vir MALEFO na die Swaziland/R.S.A. grens geneem het.

15.

Voordat ons na Swaziland is, het ek aan MALEFO 'n Makarov pistool nr. [redacted] met 2 magasyne en 16 rondtes ammunisie gegee. Ek wou nie die wapen saam na Swaziland neem nie. Ek het vir MALEFO gewys hoe die pistool werk.

16.

Ongeveer 3 weke later neem "RACHID" die volgende persone vanaf Maputu na Swaziland:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) | Ekself | (ii) | Danyboy |
| (iii) | Phiwe | (iv) | MATOME |
| (v) | MKULULE | (vi) | THABOGO |
| (vii) | DERICK | (viii) | DESSERT |

Ons het vir "CHRIS" in Swaziland ontmoet.

17.

Re attacks on Camden etc.

"RACHID" en "CHRIS" het aan ons opdrag gegee om die kragstasies wat ek en THABOGO verken het te saboteur. Ons is in die volgende groepe ingedeel:-

A (i) Ekself - Commander

(ii) MOTOME

(iii) Phillemon MALEFO - not mention & involved in his stmnt - see para 8 of P Malefo's stmnt.

(iv) DERICK

Ons opdrag was om Arnot kragstasie te saboteur.

B. (i) THABOGO - Commander

(ii) PULE

(iii) MKULULE

(iv) DESSERT

Hulle moes Camden kragstasie saboteur.

C. (i) PHIWE - Commander

(ii) Danyboy.

Hulle moes Njala kragstasie naby Pretoria saboteur.

* 18. (see para 6 of Malefo's stmnt)

Gedurende die eerste week van Julie 1981 het ek met 'n geelkleurige [redacted] wat deur A.N.C.-lede in Swaziland gebruik word, na Pretoria gegaan, waar ek by Phillemon MALEFO tuisgegaan het. Ongeveer drie of vier dae later het ek en MALEFO na Oshoek gegaan. Ons het die voertuig in 'n bos ongeveer een kilometer vanaf die grenspos gelaat en per voet die R.S.A./Swaziland grens oorgesteek. Ons het na [redacted] woonstel Mbabane gegaan. Ons het vir "RACHID", "CHRIS" en "GEORGE" sowel as PHIWE en DANYBOY daar ontmoet. PHIWE en DANYBOY het 'n leer=tas met vier kleefmyne wat vir Njala kragstasie bedoel was by hulle gehad. "CHRIS" en "GEORGE" het myself, MALEFO, PHIWE, DANYBOY per voertuig na die Swaziland/R.S.A. grensdraad naby Oshoek geneem waar ons oor die grensdraad geklim en na ons versteekte voertuig geloop het. Ons het na Mamelodi gegaan waar PHIWE en DANYBOY in MALOFO se stoor=kamer versteek is.

19.

Gedurende die namiddag van 20 Julie 1981 het ek en MALEFO met die geel Passat en die Ranchero bakkie na Oshoek grensdraad vertrek nadat ons

5/.........

vir PHIWE en DANYBOY met twee trapfietse en die sak met vier kleefmyne naby Njala kragstasie, Pretoria afgelaai het. Hulle moes daardie aand die kragstasie saboteur. Ons het die voertuie weer in die bos naby Oshoek gelaat en die grensdraad oorgesteek waar ons vir "GEORGE", "CHRIS" en die ander aangetref het. Ek en MOLEFO het hulle oor die grensdraad na die voertuie gelei. "GEORGE" en "CHRIS" het na Mbabane terug gegaan. THABOGO se groep het met die Passat na Camden gery.

Ekself, MALEFO, MATOME en DERICK het met die Ranchero na Arnot kragstasie gery. Ons het die kleefmyne gestel om twee ure nadat ons die veiligheidsringe uitgetrek het, te ontplof.

Nadat ons die kleefmyne geplaas en die veiligheidsringe uitgetrek het, het ons na Oshoek terug gegaan.

Ons het vir MATOME en DERICK afgelaai en hulle het oor die R.S.A./Swaziland grens=draad geklim. Ekself en MALEFO het by die hotel naby Oshoek gaan slaap. Die volgende oggend het MALEFO na Mamelodi teruggekeer en ek het oor die R.S.A./Swaziland grensdraad geklim.

Re Voortrekkerhoogte

20.

Ongeveer twee weke later het ek weer met die Passat na Mamelodi ge=gaan om vir PHIWE en DANYBOY te gaan haal. MALEFO het met die Ranchero saam na Oshoek gery.

PHIWE en DANYBOY het oor die grensdraad geklim terwyl ek met 'n vals paspoort deur die grenspos na Swaziland is.

Ek het met die artilleriegroep na MALEFO teruggekeer.

Hulle was:-

(i) Vix (Dept. Commander).

(ii) Johnny (iii) SEBEPI

(iv) DESSERT

BARNEY die Commander was reeds in Pretoria.

Ons het na Mamelodi terug gekeer en die groep by MALEFO se bierhuis laat bly. Die volgende dag het ekself en VIX die huis by Erasmia gaan soek. Ons het vir BARNEY alleen by die huis aangetref. Hy het voorgegee om die tuinbediende te wees.

21.

Om ongeveer 19h00 die aand het ek en MALEFO die res van die artillerie=groep na die blanke huis langs Erasmia geneem. By die huis het ons ook 'n blou Kombi met registrasienommer [redacted] gevind. Ek het die

voertuig na MALEFO se huis bestuur, sodat die voertuig nie agterdog wek nie.
Die opdrag was dat Voortrekkerhoogte vanaf hierdie huis deur die artilleriegroep met 'n Grand P. (122 mm) vuurpyl aangeval moes word.

22.

Op 11 Augustus 1981 om ongeveer 21h00 het ons die Grand P. en vuurpyle uit die huis na die oop veld agter die huis gedra toe ons 'n swart polisieman opmerk. Ons het besluit om die aanval uit te stel.

23.

Op 12 Augustus 1981 om ongeveer 22h00 het ons die Grand P en vuurpyle met die Ranchero bakkie na die oop veld tussen [redacted] en [redacted] vervoer. Ekself en MALEFO het, nadat die artilleriegroep en die vuurpyle afgelaai is op die hoek van die strate by [redacted], gaan wag om die groep ná die skote op Voortrekkerhoogte afgevuur is, weg te neem.
Die geraas van die vuurpyle wat afgevuur word het die inwoners van Laudium na buite gelok en omdat ek en MALEFO bang geword het, het ons verder met die straat afgery. Ons het gehoor dat vyf vuurpyle afgevuur word. Ons het ook later geweerskote gehoor.

24.

Ongeveer 15 Augustus 1981 het ek en MALEFO na die huis by Erasmia gegaan, waar ons die Artilleriegroep gevind het. Ons het hulle met A.K. 47 gewere en handgranate na MALEFO se stoorkamer te Mamelodi geneem. Ek het verneem dat BARNEY en DESSERT op Indiërs in die omgewing geskiet het. Hulle het die Grand P in die veld by Laudium gelos. Ek het ook verneem dat BARNEY 'n Makarov pistool in die huis te Erasmis vergeet het.

25.

Op ongeveer 16 Augustus 1981 het BARNEY en MALEFO die A.K.47 gewere en handgranate in 'n trommel gepak en na MALEFO se ma se huis te Dennilton geneem waar dit versteek is.

26.

Ongeveer 30 Augustus 1981 het MALEFO ons met sy Ranchero bakkie na Oshoek geneem. Ek en die Artilleriegroep het oor die grensdraad na Swaziland geklim terwyl MALEFO met die voertuig deur die grenspos gegaan het. Die volgende dag gaan ek en die Artilleriegroep na Mosambiek terwyl MALEFO nog in Swaziland bly.

7/........

27.

Gedurende die tweede helfte van November 1981 het ek van "RACHID" opdrag ontvang om die Hoogspanningsdrade in die OOS TRANSVAAL te verken. Sodra my verkenning afgehandel is, moes ek aan "GEORGE" in SWAZILAND rapporteer, waarop 'n groep ANC saboteurs tot my beskikking geplaas geword het om die sabotasie uit te voer. Ek het ook van RACHID 'n swart mans beursie ontvang. In die beursie was 'n stuk plastiek versteek, waarop die Hoogspanningsdrade wat gesaboteur moes word met 'n blou pen getrek. Die stuk plastiek moes bo-op 'n padkaart van OOS TRANSVAAL geplaas word.

28.

Op 24 November 1981 terwyl ek by "GEORGE" in SWAZILAND was het MALEFO my daar telefonies geskakel. Ons het 'n afspraak gemaak dat ek hom op 25 November 1981 om 20h00 in die bos naby OSHOEK sou ontmoet.

29.

Op 25 November 1981 om 20h00 is ek by die ontmoetingspunt gearresteer. In my besit is die beursie met sabotasie plan asook R3950.00 (drie duisend negehonderd - en vyftig Rand) gevind.

30.

Op 1 Desember 1981 het ek lede van die Veiligheidstak, [redacted] na OOS TRANSVAAL vergesel. Die betroubaarheid van die sabotasieplan op die stuk plastiek is nagegaan en juis bevind.

PRETORIA
1981.12.11

..............................
J. MNISI

Geraamde waardes van die [illegible] kwartiere wat beskadig is deur 'n storm aanval.

Pieks Voortrekkerhoogte.

Gebou ~~6?4~~ 1627: Bestaan uit 'n steengebou met sinkdak en word gebruik as 'n ablusie vir Kaskemense. Dek en plafonne beskadig en Muurkaste wat ingewaai was deur die storm het R480 beloop.

Frederick Erasmusweg 6: By hierdie adres is 'n amptelike woning met normale buitegeboue gebou met siersteen. Die beskadiging aan woning behels die steenwerk aan die Suid/Westelike hoek en gedeeltelik van die dakseil en geute ± 1,60m in omtrek.
Die buitegeboue is aan die Noord/Oostelike hoek beskadig waarvan ± 25% van die gebou beskadig is.
Die Geraamde koste beloop R200=00.

Jacobus Naudé 1
Hierdie is 'n amptelike woning wat as voetstoots verklaar was, bestaande uit hout en sink en die buitegeboue gedeeltelik hout sink en steenwerk.
Die bediende kamer is totaal verwoes, en verskeie gate in hoofgebou se dak en sinkpanele en binne hout fetisies is verwoes. Deurdat dit 'n voetstootse gebou is, is dit nie ekonomies om die geboue op te knap en te herstel nie weens die hoë koste aan 'n sink en hout gebou.
Goedkeuring is reeds verleen aan die woning te sloop deurdat die geraamde koste ± R10000 sou beloop het vir die Herstel en Opknapping.

(signature)

SENIOR INSPEKTEUR V. WERKE FJ KRITZINGER

Sasolburg MK. [redacted] 11.14.

J 88

# VERSLAG OOR ONDERSOEK IN 'N SAAK VAN BEWEERDE AANRANDING OF ANDER MISDAAD

**HIERDIE VORM MOET GEBRUIK WORD DEUR DISTRIKSGENEESHERE, GENEESKUNDIGE AMPTENARE EN GENEESKUNDIGE PRAKTISYNS WAT 'N ONDERSOEK DOEN VIR DIE REGERING**

Vorm "A" moet ingevul word in alle gevalle insluitende verkragting en lykskouings waar beserings gevind word en vorm "B" moet ingedien word in gevalle waar 'n vroulike persoon ondersoek is in verband met 'n seksuele oortreding.

HIERBY WORD GESERTIFISEER dat ek (¹) ~~Robert~~ J. J. DU PLESSIS

adres (¹) [redacted] [redacted]

op versoek van (²) LUITENANT T. P. McKELLAR op hede die (³)

dag van 1 / 6 1980, om 23 uur 30 m. te (⁴)

die persoon van (⁵) Robert ondersoek het en dat ek as volg rapporteer:

Geslag M. Vermoedelike ouderdom ... Ras /

Toestand van die persoon wat liggaamskragte en algemene gesondheidstoestand betref Goed.

Toestand van klere Bloeding aan hemp.

Kneusings en skaafplekke (as daar is) (⁶)

Wonde (as daar is) (⁶) Steekwond ± 1.25 sm. groot op rug area net bokant linker skapula. ± Selfde grootte steekwond l. borskas voor net bokant l. sleutelbeen

Beenbreuke of ontwrigtings (as daar is) (⁶) Geen

Ander letsels (⁶) Geen

Toestand van geslagsorgane (as dié ondersoek is) (⁷)

Mikroskopiese of ander spesiale ondersoek van vlekke, ens. (⁸) ——

Opmerkings

Plek Sasolburg.

Datum 5 / 6 1980

[signature]

~~Distriksgeneesheer~~, Geneeskundige Amptenaar of Geneeskundige Praktisyn

(¹) Voorletters, naam en adres van Distriksgeneesheer, Geneeskundige Amptenaar of Geneeskundige Praktisyn.

(²) Naam van amptenaar of persoon op wie se versoek die ondersoek gedoen is.

(³) Datum en uur waarop ondersoek plaasgevind het.

(⁴) Plek waar ondersoek plaasgevind het.

(⁵) Naam van persoon wat ondersoek is.

(⁶) In elke geval moet die aard, plek en grootte van die skaafplek, wond of ander letsel sowel as die vermoedelike datum en wyse waarop dit veroorsaak is, noukeurig omskryf word en moet aantekening gemaak word van enige klaarblyklike teenstrydigheid tussen 'n verklaring deur die persoon gedoen en die toestand wat werklik by die ondersoek gevind word.

(⁷) In die geval van 'n vroulike persoon moet haar toestemming, of as sy minderjarig is, die van haar wettige voog eers verkry word, veral as die ondersoek plaasvind in verband met 'n aanklag weens kindermoord of verberging van geboorte.

(⁸) Word braaksel, ontlasting of 'n gedeelte van klere of ander voorwerp vir spesiale ondersoek geneem, dan moet die aard daarvan hier opgeteken en die wyse waarop dit bewaar of daaroor beskik is, vermeld word.

[illegible] VISSER

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Veiligheidstak, Noord Transvaal.

2.

Op 1981.08.12 was ek die diensoffisier vir veiligheidsnavrae en plofstof navrae. Ek is aangestel as 'n inspekteur van Ontplofbare Stowwe kragtens artikel 2(5) van die wet op Ontpofbare Stowwe (Wet 26 van 1956). Ek het in die verband verskeie kursusse deurloop wat ook ingesluit het die identifisering van wapens, ammunisie en springstof wat in aanvalle teen die regering gebruik word. My ondervinding strek oor die afgelope 15 jaar.

3.

Om ongeveer 23h30 op 1981.08.12 het ek 'n telefoonoproep vanaf radiobeheer ontvang dat mortiere vanaf Laudium na Voortrekkerhoogte afgevuur word asook dat daar 'n skietvoorval te Minkstraat, Laudium was wat moontlik met die mortiervoorval verband mag hou.

4.

By my aankoms te Voortrekkerhoogte is daar verskeie geboue aan my uitgewys wat beskadig is asook gedeeltes van 122mm vuurpyle wat oor 'n groot gebied aangetref en gestrooid is. Ek het opdrag gegee dat die beskadigde geboue en stukke van die vuurpyle deur lede van die weermag en polisie bewaak moet word tot die volgende dag.

5.

Ek is hierna na Laudium waar daar te [redacted], 'n toneel uitgewys is waar daar na bewering 'n Indiërjeugdige verwond is. Op die toneel is ook 'n voertuig aan my uitgewys wat deur skrapnel en geweervuur beskadig is. Daar is ook in die veld ten suide van Laudium aan my 'n

2/..........

122mm Lanseerbuis en voetstuk uitgewys. Ek het opdrag gegee dat hierdie tonele tot die volgende dag bewaak word.

6.

Op 1981.08.13 om ongeveer 07h00 het ek weer die betrokke tonele besoek in die teenwoordigheid van 'n polisie fotograaf. Die volgende tonele is gefotografeer.

| | | |
|---|---|---|
| FOTO 1 | ; | Huis te [redacted], [redacted] |
| FOTO 2 | ; | Toon koeëlmerk teen muur |
| FOTO 3 | ; | Skrapnelmerke aan voertuig [redacted] wat voor [redacted], [redacted] geparkeer was. |
| FOTO 4 | ; | Bloedmerke op sypaadjie voor [redacted]. |
| FOTO 5 | ; | Kruising van [redacted]. waar 'n handgranaat ontplof het. |
| FOTO 6 | ; | 'n Nader foto van merk op pad soos aangewys op foto 5. |
| FOTO 7 | ; | Punt ± 15 meter vanaf [redacted] waar 2 AK 47 magasyne met ammunisie gevind is. |

Op die toneel te [redacted] is daar 17 AK 47 doppies en 4 Makarov 9mm kort doppies gevind.

7.

Hierna is fotos geneem van die toneel ten suide van Laudium waar die lanseerbuis en driepoot gevind is.

| | | |
|---|---|---|
| FOTO 8 | ; | Toon die pad na Laudium waar die driepoot en Lanseerbuis gevind is. |
| FOTO 9 en 10 | ; | Toon die driepoot en lanseerbuis in die posisie wat dit gevind is. |
| FOTO 11 en 12 | ; | Toon die toneel ± 150 meter ten suide van die punt op foto 8 en 9 waar tekens gevind is dat vuurpyle afgevuur is. |

3/..........

A15

FOTO 13,14, 15 en 16 ; Toon waar ghriesblik, verstelsleutel en "Remember MATOLA" bannier gevind is

FOTO 17 ; Toon teleskoopvisier en kragbron vir visier.
FOTO 18 ; Toon flits soos gevind by die punt vanwaar vuurpyle gevuur is.
FOTO 19 en 20 ; Toon toneel ~~waar~~ afsetkabel gevind is.
FOTO 21 en 22 ; Waar hamer in veld gevind is.

8.

Fotos is ook van die tonele te Voortrekkerhoogte geneem

FOTO 23 en 24 ; Motorhuis te [redacted]

FOTO 25 en 26 ; Stoorkamer te [redacted]

FOTO 27 en 28 ; Buitemuur van bediendekamer te Jacobus [redacted]

FOTO 29 en 30 ; Binnekant van bediendekamer.

FOTO 31 ; Bediendekamer van buite gesien.
FOTO 32 ; Merke aan westelike muur van woonhuis te [redacted]
FOTO 33 ; Huis te [redacted] waar stuk van plofkop en aandrywingsmotor gevind is.
FOTO 34 ; Toon waar vuurpyl grond getref het te [redacted]
FOTO 35 ; Toon waar vuurpyl in woonhuis te [redacted] ingedring het en waar 'n ander vuurpyl deur dak is.

FOTO 36 ; Nader foto van vuurpyl ingang in huis.

4/..........

A1

FOTO 37 tot 40 ; Skade aan binnemuur van eetkamer

FOTO 41 ; Aantrekkamer van huis

FOTO 42 en 43 ; Skade aan binnemuur aan aantrekkamer kant.

FOTO 44 ; Uitgang van plofkop deur venster en uitgang van vuurpyl deur dak.

FOTO 45 ; Merk in tuin van [redacted], waar plofkop wat deur venster kom vasgeslaan het.

FOTO 46 ; Dak van toilet by Offisier Menasie waar plofkop ingedring het.

FOTO 47 ; Plafon van toilet by Offisiers Menasie

FOTO 48 ; Plofkop in toilet by Offisiers Menasie.

FOTO 49 ; Toon waar aandrywingshuis vasgeslaan het by Personeel Diensskool.

FOTO 50 ; Aandrywingsmotor en onstekingsmeganisme wat by Personeel Diensskool gevind is.

FOTO 51 ; Toon waar vuurpyl teen huis te Frederich [redacted] vasgeslaan het.

FOTO 52 en 53 ; Buitegeboue te [redacted]

FOTO 54 ; Huis te [redacted] waar stuk van plofkop vasgeslaan het.

FOTO 55 ; Stuk van plofkop wat te [redacted] gevind is.

FOTO 56 en 57 ; Swembad by Leër Kollege waar gedeelte van plofkop vasgeslaan het.

FOTO 58 en 59 ; Waar plofkop die Leër Kollege gevind is.

FOTO 60 en 61 ; Stuk van plofkop by Leër Kollege.

5/.............

FOTO 62 ; [redacted] Naby S.T.A.M. H.K. waar vuurpyl op grond geskuur het

FOTO 63 ; Toon langs [redacted]

Foto 64 en 65 : Van Riebeeckweg waar vuurpyl romp gevind is

FOTO 66 ; By Personeel Diensskool waar vuurpyl op grond geskuur het

FOTO 67 en 68 ; [redacted] waar vuurpylromp en motor geval het.

FOTO 69 ; Rugbyveld by Hoërskool Voortrekkerhoogte waar plofkop gevind is.

FOTO 70 tot 74 ; Hoërskool Terrein Voortrekkerhoogte waar plofkop vasgeslaan het.

FOTO 75 ; Uitstalling van gedeeltes van stukke wat te Voortrekkerhoogte gevind is.

9.

Bevinding : Die punt ten suide van Laudium waar Lanseerbuis gevind is, is n geskikte terrein vanwaar Voortrekkerhoogte aangeval kan word met [illegible] vuurpyl-lanseerder en is binne trefafstand van 122mm vuurpyle. Volgens die gevonde reste van vuurpyle en die skade aangerig is daar vyf vuurpyle afgevuur waarvan slegs een n gedeeltelike lae detornasie gehad het. Die rede hiervoor is dat onstekings-meganisme aan plofkop nie reg ingestel is nie en dat die vuurpyle op n baie lae trajek afgevuur is wat kontak met ontstekers-meganisme bemoeilik. Die 122mm vuurpyle en Lanseerbuis is van n Buitelandse oorsprong en is soortgelyk aan die wat deur terroriste op die grense in S.W.A. gebruik word.

1982.04.01
PRETORIA

KAPTEIN
G. VISSER